I Tessalonisense Week 51: Eindig 20 Desember https://totueer.blog/52-weke/ **Heiligheid in lig van die wederkoms**

Kyk terug: Refleksie op die Tessalonisense (1-3)	**Kyk vorentoe: Instruksies aan die Tessalonisense (4-5)**
Een van Paulus se heel eerste briewe. Hy skryf dit uit Korintiërs ongeveer 50-51 nC	

Dag	**Dag se brood**
Ma	Hand 17
Di	I Tes 1
Wo	I Tes 2
Do	I Tes 3
Vry	I Tes 4
Sat	I Tes 5
Son	I Kor 15

So sal Hy julle innerlik sterk maak dat julle onberispelik en heilig voor God ons Vader sal staan wanneer ons Here Jesus kom saam met al sy heilige engele. Amen. (I Tes 3:13)

Die Tessalonisense is verslae oor die vervolging. Waarom sou die dinge met hulle gebeur – gee God dan nie vir hulle om nie? Paulus skryf aan hulle om hulle te bemoedig en herinner hulle aan sy vervolging daar (1 Tess 2:1-2). Hy wys hulle ook daarop dat hy hulle vooraf gewaarsku het dat hulle vervolg sou word. (1 Tes 3:4). Beproewings is deel van God se plan vir sy kinders.

Die heidense godsdiens wat hulle in die verlede aangehang het, het geen hoop vir lewe na die dood gehad nie – dit het duisternis en angs beteken. Van die Christene se geliefdes het gesterf sedert Paulus se besoek. Sou hulle hulle geliefdes ooit weer sien? Paulus gebruik die brief om hulle daarin te leer. Elke hoofstuk eindig met die wederkoms:

I Tes 1:10 - Die gelowiges word opgeroep om die Seun uit die hemel te verwag.
I Tes 2:19,20 - Die lesers sal Paulus se eer en blydskap wees wanneer hulle met die wederkoms voor die Here Jesus sal verskyn.
I Tes 3:13 - Paulus se verlange is dat die Christene onberispelik en heilig voor God die Vader sal staan
I Tes 4:13-18 - Die lewende en reeds gestorwe heiliges sal verenig word wanneer die Here uit die hemel sal neerdaal en dan sal hulle altyd by Hom wees.
I Tes 5:23 - Paulus se gebed vir die gelowiges is dat God hulle so sal bewaar dat hulle onberispelik sal wees wanneer die Here Jesus weer kom.

Behalwe die lering oor die wederkoms het Paulus ook ander sake in die brief aangeraak. 1. Hy beklemtoon die noodsaaklikheid van seksuele reinheid in (1 Tes 4:3-8).
1. Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid (1 Tes 4:3).
2. Hy beklemtoon ook die noodsaaklikheid van broederliefde. Julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê…Lê julle nog meer daarop toe. (1 Tes 4:9,10)
3. Verder het hy ook ander instruksies gegee oor hoe ‘n Christen moet lewe:
Wees met almal geduldig (5:14)
Sorg dat neimand ‘n ander mens kwaad vir kwaad vergeld nie (5:15)

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde

‘n Heilige lewe in die lig van die wederkoms

(I Tessalonisense oorsig)

Die wil van God is dat jy heilig moet wees (I Tes 4:3)
anders verwerp jy God en die Heilige Gees. (I Tes 4:8)
Ja, jy moet rustig lewe,
met jou eie sake jou strewe. (I Tes 4:11)

Ek wil julle leer wat met ontslapenes gebeur,
sodat julle nie sonder hoop sal treur. (I Tes 4:13)
Jesus se sterwe kan jy net verstaan,
as jy ook glo Hy het opgestaan. (I Tes 4:14)

As julle die wederkoms trompette hoor, (I Tes 4:16)
is julle die ontslapenes glad nie voor. (I Tes 4:15)
Dié wat in Christus die dood kon ingaan
sal eerste weer daaruit op kan staan. (I Tes 4:17)
Die Here self sal uit die hemel daal
en die lewendes en dooies kom haal. (I Tes 4:17)

Onverwags kom die Here se dag
Ja, soos ‘n dief in donker nag. (I Tes 5:2)
As jy sê: “Alles is rustig en veilig nou”,
wag daar pyne soos vir ‘n swanger vrou. (I Tes 5:3)

Maar julle is mense van die lig
met geen duisternis in sig. (I Tes 5:5)
Wat Christus se verlossing vra,
is dat jy geloof en liefde dra. (I Tes 5:8)

Leef in vrede met mekaar.
Moenie kwaad wil vergoed.
Gee kleinmoediges moed.
en help die swakkes daar. (I Tes 5:13-18).

Bly ver weg,
van alles sleg (I Tes 5:22)
Julle moet nou dankbaar wees
en weerstaan nie die Heilige Gees. (I Tes 5:19).

Mag God se vrede julle raak
en julle aan Hom toegewyd maak,
dat julle onberispelik sal wees in Hom
waneer Jesus Christus weer kom! (I Tes 5:23)